

WONNIELAND NASKOOL

12delaan 785 Wonderboom - suid

ONDERLEIDING VAN MEV. GERDA DE OLIVEIRA

072 700 1021

Hier by Wonnieland naskool weet ons hoe belangrik dit is vir 'n kind om veilig en gelukkig te wees. Ons skep 'n geleentheid in die besige lewe van vandag waar kinders kan groei en kan welkom voel. Daar is tyd vir skoolwerk, aktiwiteite, sport maar die belangrikste van als om net kind te kan wees en te speel!!!!

Wonnieland naskool bied die volgende vir die leerlinge

-) 'n vriendelike milieu waar u kind in elke aspek kan groei
-) Die naskool is op die skoolterrein gevestig
-) Geleentheid tot deelname aan buitemuurse aktiwiteite
-) Stimulerende atmosfeer om huiswerk te doen tydens 'n vasgestelde tyd
-) Interaksie en sosialisering met maats
-) Vakansie toesig
-) Middagetes

Wie mag die naskool bywoon?

Ingeskrewe leerlinge van Laerskool Wonderboom- Suid word toegelaat tot die naskool. Indien enige naskoolfooi van 'n vorige jaar nie op datum betaal is nie, sal die betrokke leerder nie die naskool kan bywoon tot die uitstaande bedrag vereffen is nie.

Wanneer mag ons inskryf en waar?

Inskrywings vir 2019 sal begin Oktober wees.

Inskrywings kan by die naskool hoof Mev Gerda De Oliveira of by Mev Sanell Arries ingehandig word saam met die registrasie fooi van R300 per leerder. (***dit sluit nie die Januarie fooi in nie***)

TYE VAN DIE NASKOOL

Wonneland is dwarsdeur die jaar oop, behalwe gedurende openbare vakansie dae, paas naweek in Maart/April. En bly oop tot die 2de Vrydag in Desember. Die naskool open weer in Januarie die 1ste maandag na Nuwe Jaar. Datums sal vroegtydig deur gegee word. **EN** indien die skool toe is vir skole vakansie dae soos deur die departement deurgegee. Dit sal vroegtydig deurgegee word.

Die daaglikse ure is: 13:00 tot 17:30

FOOIE VIR 2019

-) Fooie vir 2019 beloop: R300 registrasie en R7200 per leerling vir die jaar wat betaalbaar is oor 11 of 12maande.
-) Alle fooie is streng betaalbaar voor of op die 7de van elke maand. Indien 'n maand se fooie nie betaal is nie, SAL die betrokke leerling die naskool geweier word tot die maandelikse fooi betaal is. **GEEN uitsondering sal gemaak word nie.**
-) Die reeling sal STRENG toegepas word sodat die naskool finansieel lewensvatbaar kan bly. Sodra u kind in die naskool geregistreer is, sal die volle fooie betaalbaar wees, of u kind die naskool besoek al dan nie, totdat u die naskool skriftelik in kennis gestel het van die onttrekking en 'n laaste rekening ontvang het van die naskool administrateur.
-) 'n Boete van R50 sal gehef word vir elke half uur wat die kinders na 17:45 afgehaal word. Boetes sal dadelik betaalbaar wees. Tye sal in die aanteken register reflekteer.
-) Dagfooie beloop R60 per kind gedurende die kwartaal en R60 per kind vir voldag in die vakansies indien 'n betrokke leerder nie voltyds in die naskool is nie, Welke fooie is vooruitbetaalbaar.
-) Fooie kan op twee maniere betaal word – kontant of internetbetaling. Sou u internetbetaling doen moet die bewys van betaling na sariesadler@vodamail.com gestuur word.

BANKBESONDERHEDE

G DE OLIVEIRA ABSA BANK REK NO: 92 506 16 565 SPAARREKENING

BYWONING

-) Indien 'n kind weens siekte, jaarlikse verlof of enige ander rede nie by die naskool is nie sal die volle maandelikse fooie steeds betaalbaar wees.
-) **Indien die kind uit die naskool geneem word of uit die naskool gesit word weens wan betaling, sal daar van die persoon verantwoordelik vir die rekening verwag word om een kalender maand skriftelik kennis te gee en alle fooie tot op die dag van verandering sal betaalbaar wees.**

ETES

-) 'N ligte ete asook 'n middag broodjie word daaglik bedien, indien u kind vir welke rede nie die voedsel mag eet nie, die betrokke ouer self verantwoordelik sal wees vir die voedsel van die dag. Gekookte ete soos Kerrie & rys, spaghetti bolonaise, macaroni en kaas, stew, wors stew ens. word bedien.
-) Vakansie tye maak die naskool slegs voorsiening vir middagetes en laat middag broodjie, die kinders moet ontbyt eet by die huis en bring 'n 10uur broodjie saam, Snoepie is eenkeer op 'n dag oop om lekkers en koeldrank te koop.

HOE WERK DIT TYDENS HUISWERK EN STUDIETYD?

-) Huiswerk sal onder streng toesig voltooi word en daaglikse register sal gehou word van kinders wat afwesig is.
-) Personeel kontroleer dat die huiswerk wat gedoen is ooreenstem met die huiswerk afgeskryf in die kind se dagboek. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir huiswerk wat nie afgeskryf word nie.
-) Huiswerk wat nie afgeteken is deur die naskool personeel nie is of onvoltooid of verkeerd en moet voltooi of reggemaak word tuis indien die leerder dit nie by die naskool kon doen nie.
-) Alle kinders behalwe die gr r is verplig om Maandag tot Vrydag aan te meld in die huiswerkklasse. Slegs kinders met buitemuurse aktiwiteite sal verskoon word, maar moet dadelik aan meld sodra die sport verby is. Streng register sal gehou word.
-) Ouers moet die naskool in kennis stel van die betrokke leerder se buitemuurse aktiwiteite asook die tye.
-) As hoof van Wonnieland naskool sal daar 'n maandelikse basis oor die akademie en skoolwerk van die leerders terugvoer aan die skool gegee word.
-) Rooster van elke graad sal deur die skool verskaf word, dus sal ons op hoogte wees van die vakke waarin die leerders huiswerk het, en daar sal terugvoer gegee word indien u kind nie sy huiswerk op datum hou nie.
-) Indien 'n leerder van Wonnieland naskool 'n kontrole kaart ontvang, sal ons graag van die ouers wil terugvoer hê, baie van die leerlinge skryf om welke rede nie al hul huiswerk neer nie. U kan vir ons 'n e-pos rig of 'n brief stuur sodat ons baie strenger kan optree teen die leerling.

-) Alle leerders moet in die besit wees van 'n huiswerkboekie asook 'n opsommingsboek vir die eksamentyd.
-) In Wonnieland is huiswerk en leer van uiterse belang. Ons gaan fokus op die kind se akademie en ons as personeel sal baie streng wees wat huiswerk en studietyd betref.
-) Daar sal onder geen omstandighede aanvaar word dat enige leerder nie huiswerk het nie. Wiskunde en lees sal elke dag beoefen word.
-) **GEEN SELFONE word toegelaat tussen 14:15 en 16:30 smiddae nie. Ouers ons het slegs die 2ure waarin ons seker kan maak u kind se huiswerk en leerwerk is op standard. Selfone is baie steurend aangesien die maats die healtyd boodskappe stuur.**
- Indien u as ouer dadelik u kind in die hande moet kry is u welkom om vir my 'n boodskap te stuur of om my te bel. Hierdie reëling is nie onderhandelbaar nie.
-) Gr1 tot gr7 sowel as die Lsen leerders moet asb in besit wees van hul eie skryfbehoeftes.
-) Naskoolpersoneel is daar om u as ouer se werk te verlig met die huiswerk, MAAR dit bly steeds die ouer se verantwoordelikheid om die kinders se huiswerk na te gaan en huiswerk wat nie by die naskool voltooi is nie, self by die huis te voltooi.

Gr leerlinge

Ouers van die betrokke kinders in die verlede het ons die kleintjies laat slaap vir so uur, 80% van die ouers het ons gesmeek dat die kinders nie moet slaap nie omdat die kinders dan laat in die aande bed toe gaan. Ons het dit tans verander dat ons vir so 'n uur dvd kyk in die klas en daarna doen ons ook n paar aktiwiteite met hulle. Sodra die groter kinders uit die betrokke klasse kom, moet die gr r'e en gr 1's na die speelparkie gaan. Die groter kinders word nie in die speelparkie toegelaat nie. Pak asb 'n ekstra stelletjie klere in vir ingeval daar 'n glipsie is.

MAG ENIGE KIND DIE TERREIN VERLAAT?

-) Geen kind mag tydens die verblyf by die naskool die skoolterrein verlaat nie.
-) Ouers kan ook nie die leerders telefonies of mondelings toestemming gee om die terrein te verlaat of op terrein rond te dwaal, terwyl hulle in die sorg van die naskool is nie.
-) Ouers moet die naskool skriftelik in kennis stel indien 'n leerling buitemuurse aktiwiteite buite die skoolgrond moet bywoon. Die ouer aanvaar volle verantwoordelikheid vir die veiligheid van die kind terwyl die kind buite die skoolterrein is.
-) Sodra die kind weer die skoolterrein betree sal die naskool verantwoordelikheid vir die kind aanvaar.
-) Buite instansies moet die kind uitteken vir die sport en weer inteken as die kind terug gebring word.

DISSIPLINE EN DISSIPLINE STELSEL

-) Die ouer onderneem dat sy kind hom/haar aan die reëls van die naskool sal onderwerp en dit sal gehoorsaam.
-) Die dissiplinestelsel van Laerskool Wonderboom – Suid geld ook by die naskool.
-) Die naskool sal sy eie byderhandboek he wat elke oueraand beskikbaar sal wees indien dit benodig word. Die naskool hou streng by die gedragskode van die skool.
-) Kinders moet streng by die naskool reëls hou.
-) Geen vuiltaal, vuilgrappies, ongehoorsaamheid of wangedrag sal geduld word nie. Indien die kind aan enige van die bogenoemde skuldig sou wees sal hy/sy aangemeld word aan die skool se dissipline stelsel.
-) Geen speelgoed word toegelaat nie. (slegs vakansie tye op eie risiko)
-) **Geen leerder sal enige medikasie ontvang by die naskool nie.**
-) Wanneer 'n ouer sy kind by Wonnieland naskool inskryf, aanvaar die ouer die naskool se dissipline beleid en alles wat die beleid impliseer.
-) Die ouer onderneem dat sy kind lojaal sal wees teenoor die skool en sy aktiwiteite.
-) Die ouer verstaan dat die naskool of die beheerliggaam se dissiplinere komitee of die bestuursraad self self dissipliner teen enige leerder kan optree weens wangedrag of die nie-nakoming van naskoolreëls.
-) Elke wonnie maatjie onderneem om ten alle tye respek teenoor die personeel as ook hul mede-leerlinge te betoon.
-) Indien 'n leerling enige skade aan die geboue of klaskamers van die skool sou aanrig, sal die betrokke leerling se ouer verantwoordelikheid aanvaar vir die skade en die regmaak daarvan.
-) Indien daar enige probleem sou opkom gedurende die dag sal die betrokke naskoolpersoneel in die kommentaar blok die aangeleentheid aanteken. U as ouer is welkom om die betrokke personeel aangaande die insident uit te vra. Indien dit 'n ernstige insident sou wees sal dit dadelik by Mev de Oliveira aangemeld word en sal u geskakel word weens die probleem.

AFHAAL VAN DIE KINDERS en ONAFGEHAALDE KINDERS

-) Ouers kan hul kinders vanaf 16:00 by die naskool hok afhaal.
-) Alle kinders **moet** deur die betrokke persoon uitgeteken word.
-) Kinders sal onder geen omstandighede toegelaat word om die naskool te verlaat sonder dat hy/sy uitgeteken word **deur die ouer nie.**
-) Geen kind mag vir sy ouers by die skoolhekke / paviljoene wag nie.
-) Indien u reëlins tref mbt vervoer vir 'n middag, stel as die naskoolpersoneel in kennis per sms of skriftelik sodat ons bewus is van u reëlins. Die betrokke persoon se inligting (naam en selfoon nr en kar registrasie nr) moet beskikbaar gestel word.
-) Indien daar 'n krisis opduik buite u beheer stel asb die personeel in kennis by 0727001021.

-)] Die ouer onderneem om geen vreemde persone te stuur om die kind te kom oplaai nie en die ouer onderneem om elke dag die uitteken register te teken.
-)] Ouers moet asb nie in die voertuig bly sit en die kind net oplaai nie, soms is daar insidente wat bespreek moet word of belangrike inligting wat deur gegee moet word. Geen kind sal toegelaat word om net na die voertuig te beweeg sonder 'n betrokke ouer nie.
-)] Ouers daar sal 'n personeellid beskikbaar wees vir laatkommers na 17:30. Ons laat 'n krisistydperk (verkeeroondhoud) van 15min toe. Ouers wat teen 17:45 steeds nie hulle kinders afgehaal het nie sal 'n boete van R50 betaal. Dit sal dadelik betaalbaar wees.
-)] Indien daar regtig 'n krisis is stel asb die naskoolhoof in kennis om sodoende seker te maak daar is steeds toesig vir u kind.
-)] Geen kind mag onder geen omstandighede vir ouers op die paviljoene wag of alleen op die skoolterrein agterbly omrede die ouer nie betyds gaan wees om die kind op te laai nie, ouers u kinders is en bly u verantwoordelikheid, die naskool en naskoolbestuur sal onder geen omstandighede enige verantwoordelikheid aanvaar indien u kind egter iets oorkom omdat u, u kind sonder toesig laat nie.
-)] Geen kind mag saam n naskoolpersoneellid huistoe gaan en vir n ouer daar wag nie, tref vroegtydig reelings by u werk of ry vroeer om u kind te kom haal.
-)] Ouers wat teen 18:20 steeds nie hul kinders afgehaal het nie, en daar geen kontak met die ouers bewerkstellig kon word nie, sal die kinders deur die toesigbeamptes per motor na 18de laan Moot polisiestase vervoer word en daarop die ouers se verantwoordelikheid gelaat word.

VERANDERING VAN MY PERSOONLIKE INLIGTING

Die ouer onderneem om dadelik enige persoonlike besonderhede wat verander het deur te gee aan die naskool het sy mediese kondisies of adres veranderinge.

Indien u kind die naskool gaan verlaat moet een (1) maand skriftelik kennis gegee word, anders sal u steeds verantwoordelik gehou word totdat die kennisgewing ontvang is. Rente op agterstallige bedrae sal gehef word.

PERSOONLIKE BESITTINGS

-)] Alle kledingstukke van u kind moet DUIDELIK gemerk wees.
-)] Alle skryfbehoeftes moet ook duidelik gemerk word.
-)] Naskoolpersoneel **is nie** verantwoordelik vir klere / skryfbehoeftes nie, ons is verantwoordelik vir u kind se veiligheid en toesig.

MEDIESE SORQ

-) Die Ouer verleen toestemming tot mediese hulp vir die kind en onderneem om die rekening te vereffen.
-) Geen medikasie sal aan enige leerder gegee word nie.
-) Ligte beserings sal deur personeel behandel word, alle ernstige beserings sal die ouers geskakel word en indien die ouers nie bereik kan word nie, sal die kind na die dr vervoer word met wie die naskool n reëling het. Die ouer bly verantwoordelik vir die vereffening van die mediese rekening.
-) Nie die naskool of die personeel van die naskool sal verantwoordelik gehou word vir enige rekeninge of die betrokke besering wat die kind opgedoen het nie.

HANTERING VAN PROBLEME

-) Ouers mag nie reg in hulle eie hande neem om enige ongelukkighede met 'n kind op die skoolterrein uit te sorteer nie.
-) Geen skree en raas voor ander kinders sal geduld word nie.
-) Geen ouer het die reg om enige personeel lid voor ander mense aan te vat oor enige probleme wat sou opduik nie, die probleem moet by die naskoolhoof aangemeld word en dan sal dit van daar verder geneem word.
-) **Indien daar wel enige probleme sou wees u dit met Mev De Oliveira kan bespreek op 'n gepaste wyse. GEEN ouer het die reg om Mev De Oliveira te vloek, verskree of te dreig in enige telefoon oproep nie.**
-) **Geen ouer het die reg om n personeellid te verskree, te vloek of sleg te se voor kinders of ander ouers nie. RESPEK word nie afgedwing nie maar dit word wel verdien.**

RESPEK

Ek sê altyd respek kan nie afgedwing word nie maar word verdien!!!

-) Kinders moet ten alle tye respek en hoflikheid in hul omgang met die toesighouers en ander personeel betoon.
-) Kinders moet ook ten alle tye respek teenoor hul mede-leerlinge, ouers en hul besittings betoon.
-) Kinders is verplig om die naskoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook 'n omgewing en toestand waarin die ordentlike toesig en veilige samesyn ongehinderd toegepas kan word.
-) In besonder word van die kinders verwag om enige redelike opdrag van die naskoolhoof en personeel te gehoorsaam en onmiddelik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik en in hul omgewing aan hul maats respek en verdraagsaamheid te betoon.

- J Kinders moet hulle daarvan weerhou om enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander kind of personeellid te skend of wat daartoe mag lei.
- J Kinders wat nie daaraan gehoor gee nie sal ongelukkig nie by ons gehuisves kan word nie.
- J **GEEN KIND SAL N PERSONEELLID VLOEK/SKEL/VERSKREE NIE.** Dit sal nie toegelaat word nie.
- J **Ouers** het ook nie die reg om enige personeellid te vloek/skel/verskree/ van goed te beskuldig voor daar nie n gesamentlike gesprek met die partye was nie.

ALGEMENE REÛLS

- J **GEEN** speelgoed in skooltyd **slegs** vakansietye
- J **GEEN** vuiltaal, krutaal of vuilgrappies word geduld nie.
- J **GEEN** selfone tussen 14:15 en 16:30 word toegelaat nie.
- J **GEEN** kind sal vir 'n ouer by die skoolhek/ op die paviljoene wag nie.
- J **ALLE kinders moet deur 'n ouer uitgeteken word. Geen kind mag n kind uitteken nie. SLEGS ouers!!**
- J Naskool sluit om 17:30, grasia word verleen tot 17:45 daarna word 'n R50 boete gehef.
- J Ouers sal verantwoordelik gehou word indien 'n betrokke kind enige skade aan beide die skool of 'n leerling se besittings uitvoer.
- J Alle naskoolgelde **MOET** voor of op die 7de van elke maand betaal wees. Indien die rekening nie betaal is nie, sal die betrokke leerling nie aanvaar word, alvorens die fooie nie betaal is nie.
- J **GEEN** kind sal telefonies toestemming gegee word om die skoolterrein te verlaat of op die skoolterrein rond te hang nie.
- J **Naskoolfooie is streng vooruitbetaalbaar**
- J **GEEN OUER MAG MET N ANDER OUER SE KIND RAAS OP DIE SKOOL TERREIN NIE!!**
- J **GEEN OUER MAG DIE PERSONEEL VLOEK/VERSKREE OF SKEL NIE!!!!**

Huiswerk is ons groot hoogtepunt waar ons u as ouer wil verseker van u kind se veiligheid en ook sy akademiese verpligtinge. So sal daar ook tyd wees vir pret waarin ons u as ouers voor die tyd in kennis sal stel van die gebeure in en om Wonnieland asook van die kostes daaraan verbonde.

As naskool wil ons u las verlig en het dus u volle samewerking asook u kind s'n brood nodig. Die dissipline beleid van Wonnieland naskool is in ooreenstemming met die van die skool en ondersteun die beheerliggaam die naskool ten volle.

Wonnieland naskool is n gewone naskool wat **TOESIG** bied vir u kind na skool. Ons bied n diens om u kind te help met huiswerk binne n sekere tyd. Ons is nie n entertainment centre nie.

Kinders word volgens hulle graad in klasse in gedeel. Geen kind sal saam met n ander graad geakkomodeer word nie.

Kinders word volgens hul graad op sekere speelplekke toegelaat om te speel vir hul veiligheid. Gr RR tot gr 1 speel in die parkie. Gr 2 tot 4 in die naskoolhok. Gr 5 tot 7 op die Rugbyveld. GEEN sussie of boetie SAL toegelaat word om saam hul ouer broer of suster op die rugbyveld te speel nie. GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD NIE!!!

KONTAK BESONDERHEDE

Naskool hoof	Gerda De Oliveira	072 700 1021
Onderhoof	Sanell Arries	072 135 6462
Finansies	Sarie Sadler	082 464 1985
E-pos adres	gerda.deoliveira@gmail.com	
E-pos finansies	sariesadler@vodamail.co.za	

Die Uwe

G De Oliveira

